

# Die Opsomming

## Eerste Addisionele Taal

**Deur:** Dr. Rika Boucher

Die vaardigheid om op te som is een van die belangrikste vaardighede wat 'n taalonderwyser vir 'n kind kan aanleer. As 'n kind kan opsom, verhoog dit sy kanse om akademies te presteer: op skool en aan die universiteit.

As ons net weer oor die waarde van 'n opsomming reflekteer, glo ek ons gaan regtig meer moeite doen om dit behoorlik te onderrig. Dan leer ons nie bloot vir die swak kandidaat om die eerste sin van elke paragraaf neer te skryf of 'n hoofsin net so neer te skryf en net hier en daar 'n verandering in die woordorde aan te bring nie.

Ons doen dit dikwels met ons swak kandidate. En waarom is hulle swak? Hulle leer moeilik. Waarom? Hulle kan nie die koring vandie kaf skei en hoofpunte uitlig nie.

Die internet bied vir ons 'n magdom artikels oor die waarde van opsommings en hoe 'n mens 'n kandidaat leer om 'n behoorlike opsomming te kan doen.

Die doel van hierdie artikel is egter om te kyk na hoe 'n opsomming in die eksamen lyk en hoe dit nagesien behoort te word.

En kom ons sê nou maar vir mekaar: 'n funksionele opsomming lyk BAIE anders as die opsomming wat van kandidate in die eksamen verwag word. Maar as hulle hierdie formaat onder die knie het, is die ware jakob kinderspeletjies.

## DIE VEREISTES

### Aanbieding:

- 1.1 Ons mag net vra dat EAT-kandidate 'n opsomming in puntvorm aanbied.
- 1.2 Moenie van die kandidaat verwag om 'n opskrif vir die opsomming te gee nie.

### 2. Lengte (volgens NKV):

GRAAD	Lengte van teks	Lengte van opsomming
10	200	60 – 70 woorde
11	230	
12	250	

### 3. Inhoud:

- 3.1 Die opsomming mag nie uit die leesbegrip kom nie.
- 3.2 Die leesstuk wat opgesom moet word, hoef nie in sewe paragrawe aangebied te word nie. Verkieslik nie sewe paragrawe nie, want dan is kandidate geneig om sinne te raai wat dalk die hoofteite mag bevat.
- 3.3 Kies 'n interessante onderwerp.

- 3.4. Skryf die teks op so 'n manier dat die kandidaat die hoofgedagtes duidelik van die ondersteunende sinne kan onderskei.
  - 3.5. Het jy geweet 'n persoon behoort 90% van alle woorde in 'n leesstuk te verstaan ten einde die leesstuk te verstaan? Dan kan so 'n persoon die ander 10% woorde met gemak aflei en selfs aanleer. Die teks wat opgesom moet word, moet dus eenvoudig genoeg wees vir die kandidaat om te verstaan.
  - 3.6. Die teks moenie voorspelbaar wees nie, m.a.w. die sin wat die hoofgedagte bevat, moenie elke keer eerste of laaste in elke paragraaf staan nie. Gooi gerus soms twee sinne in waaruit die hoofsin afgelei moet word.
4. **Instruksies:**
- 4.1. Sê duidelik WAT opgesom moet word. Dit mag nooit bloot 'n opsomming van die leesstuk wees nie.
  - 4.2. Pasop vir die bewoording: "In jou eie woorde". Kandidaat mag die teks se woorde gebruik, maar moet dit anders rangskik.
  - 4.3. Gee 'n konteks vir die gedeelte wat die kandidaat moet opsom. M.a.w. sê waarvoor die opsomming gebruik gaan word, deur wie en wie die opsomming maak. Bv. Jy is die nuwe polisiehoof in jou dorp. Jy praat met plaaslike hoërskoolleerders oor veiligheid op straat. Jy het SEWE veiligheidswenke vir die leerders. Nou volg jou instruksies. Som op ....
  - 4.4. Sê duidelik dat die kandidaat die getal woorde onderaan die opsomming moet neerskryf.

**DIE NASIENRIGLYNE**

Bv. Wat moet jy doen? / Wenke om veilig op straat te wees?

<b>Aanhaling</b>	<b>Eie opsomming</b>
1. Bv. <b>Beweeg</b> oral in 'n <b>groep</b> – vir jou eie veiligheid.	1. Loop altyd saam met maats in 'n groep / Moet nooit alleen loop nie / Dis onveilig om een-een te loop / Dis goed om altyd in 'n groep te beweeg / Om veilig te wees, behoort jy altyd in 'n groep te beweeg.
2. Bv. Booswigte hou daarvan om in die donker te werk. Moenie 'n slagoffer word nie. (Sien 3.6 se laaste sin.)	2. Moenie in die donker loop nie. / Bly weg waar dit donker is. (Hier moet die kandidaat twee sinne lees en die hoofgedagte aflei.)
3.	3.
4.	4.
5.	5.
6.	6.
7.	7.

Wees daarop bedag dat wenke/instruksies/wat 'n mens moet doen op verskillende maniere aangebied mag word, bv.:

- Loop altyd saam met maats in 'n groep.
- Moet nooit alleen loop nie.
- Dis onveilig om een-een te loop.
- Dis goed om altyd in 'n groep te loop.

## Eerste Addisionele Taal

Aanvaar dus as die kandidaat sê wat NIE gedoen moet word NIE, sowel as WAT gedoen kan/moet word.

LW: Die “reël” dat alle instruksies met ‘n werkwoord moet begin, is nie waar nie!

### HOE SIEN ONS DIE OPSOMMING NA?

Daar is 7 punte vir 7 korrekte feite, ongeag of dit direk aangehaal is of nie.

Daar is 3 punte vir Taal, maar dit kan kandidate net verbeur as hulle direk aanhaal OF as daar nie genoeg korrekte feite is nie.

Ons sien eers na om vas te stel hoeveel van die 7 FEITE korrek is EN ons ignoreer direkte aanhalings. As die regte feit direk aangehaal is, KRY die kandidaat sy/haar feite-punt. Ons ken ‘n punt per korrekte feit toe:

- selfs al is daar spel- en taalfoute.
- selfs al daar direk aangehaal.

Ons ken TAALPUNTE só toe MITS daar GEEN DIREKTE AANHALINGS betrokke is nie:

1 – 3 feite korrek = 1 taalpunt

4 – 5 feite korrek = 2 taalpunte

6 – 7 feite korrek = 3 taalpunte

DAN eers kyk ons weer na die korrekte feite en bepaal hoeveel van daardie feite is direk aangehaal. As die kandidaat enigsins aangehaal het, verbeur hy/sy TWEE van die DRIE taalpunte. As daar 1-5 direkte aanhalings is, kry die kandidaat net 1 uit 3 vir Taal. As alles direk aangehaal is, kry die kandidaat nul uit 3 vir taal, MAAR behou die 7 punte vir die 7 korrekte feit wat aangehaal is. As 6 van die 7 korrekte feite aangehaal is, kry hy/sy ook geen punt vir taal nie.

Ons ken taalpunte só toe AS DAAR DIREKTE AANHALINGS IS:

1 aanhaling = 1 taalpunt

2 aanhalings = 1 taalpunt

3 aanhalings = 1 taalpunt

4 aanhalings = 1 taalpunt

5 aanhalings = 1 taalpunt

6 aanhalings = 0 taalpunt

7 aanhalings = 0 taalpunt

LW: Bg. verwys NET na die verdeling van die DRIE taalpunte.

Ons trek nie punte af indien die kandidaat die verkeerde getal woorde neergeskryf het of indien hy/sy nagelaat het om die getal woorde neer te skryf nie. Ons trek ook nie punte af indien die kandidaat minder as die voorgeskrewe 70 woorde gebruik het nie. As die kandidaat MEER as 70 woorde gebruik het, lees jy die sin waarin die 70ste woord verskyn KLAAR en ignoreer die res van die opsomming.

**VOORBEELDE BY NASIEN VAN OPSOMMING**

**Voorbeeld A**

1	✓	aangehaal	Feite = 7 Taal = 0 7/10  Geen Taalpunte, want alles is direk aangehaal.
2	✓	aangehaal	
3	✓	aangehaal	
4	✓	aangehaal	
5	✓	aangehaal	
6	✓	aangehaal	
7	✓	aangehaal	

**Voorbeeld B**

1	✓	aangehaal	Feite = 7 Taal = 1 8/10
2	✓	aangehaal	
3	✓	aangehaal	
4	✓	aangehaal	
5	✓	Eie sin	
6	✓	Eie sin	
7	✓	Eie sin	

**Voorbeeld C**

1	✓	aangehaal	Feite = 2 Taal = 0 2/10 Alles is aangehaal.
2	✓	aangehaal	
3	x		
4	x		
5	x		
6	x		
7	x		

**Voorbeeld D**

1	✓	Alles eie sinne.	Feite = 4 Taal = 2 6/10
2	✓		
3	x		
4	✓		
5	x		
6	✓		
7	x		

Ten slotte:

**Wat is 'n direkte aanhaling?**

Die kandidaat gee die eerste, laaste of enige deel in die middel van die sin NET SOOS dit in die leesstuk verskyn.

## Eerste Addisionele Taal

### Wat is 'n volsin?

Dis 'n sin wat 'n werkwoord bevat wat die feit sinvol maak.

MOENIE MISLEI WORD DEUR KONSESSIES WAT GEDURENDE DIE NASIEN VAN Matriekvraestelle GEGEE WORD NIE.

In die volgende leesstuk ("Hoe leer ouers hul kinders om geweld te hanteer?") is foute begaan wat dit nie 'n gestandaardiseerde opsomming maak nie. Lees die vraag noukeurig deur en herskryf dit sodat dit in 'n klastoets gebruik kan word.

### INSTRUKSIES

Skryf SEWE wenke oor **hoe ouers kinders leer om geweld te kan hanteer** in jou EIE VOLSINNE neer. Skryf die wenke puntsgewys neer.

Nommer die sinne van 1 tot 7.

Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.

Dui die **korrekte** getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

## HOE LEER OUERS HUL KINDERS OM GEWELD TE HANTEER?

Moord op televisie is altyd groot nuus. Kinders wat ander seermaak of boelie, is 'n redelik algemene verskynsel. Maar hoe kan ouers hulle kinders help? Kyk saam met jou kinders televisie sodat jy vir hulle kan verduidelik dat die akteurs nie regtig seergekry het nie, maar dat sulke soort geweld in die regte lewe régtig seer- of doodmaak. Verduidelik ook dat dit nié die manier is om probleme op te los nie. Kinders verstaan nie altyd hoekom daar geweld is nie, daarom moet jy met jou kinders oor geweld op nuusprogramme gesels en verduidelik dat dit nie 'n manier is om probleme op te los nie.

Ouers moet op die uitkyk wees vir tekens dat televisieprogramme vrese by hul kind aanwakker – dinge wat byvoorbeeld slapeloosheid, bednatmaak of huilerigheid tot gevolg het. Deesdae is daar baie musieksoorte bv. *Hip-hop* en *Rap* wat ook lelike vloekwoorde gebruik en geweld en dwelmgebruik as aanvaarbaar uitbeeld. Ouers moet kennis neem van watter gewelddadige musiekvideo's daar is waarna tieners kyk, of luister of selfs aflaai. Dan kan jy jou kinders help om tussen goeie en slegte musiek te onderskei.

Maak seker dat jou kind positiewe rolmodelle het. As ouers ten alle koste hulle sin probeer kry of hulle woede ontlaai deur gewelddadig op te tree, sal kinders ook so reageer. Indien die kinders aggressie gebruik om uiting aan hulle emosies te gee, help hulle om te leer om te kommunikeer. Só versterk jy aanvaarbare optredes.

Leer jou kinders om, voor hulle geweld gebruik, hulle eie foute te herken. Help hulle om hulleself in 'n omgekeerde situasie in te dink, met ander woorde wanneer hulle die slagoffer van 'n bepaalde soort optrede is.

[Verwerk uit LIG, Julie 2014]

**TOTAAL AFDELING B: 10**